



BUITENGEWONE
OFFISIELLE KOERANT
van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Vrydag, 19 Julie 1940.

WINDHOEK

Friday, 19th July, 1940.

No. 856

INHOUD.

Goewermentskennisgewings —

- | | |
|--|------|
| No. 1113. (Unie) Buitengewone Finansie-Regulasies:
Wysiging van | 2848 |
| No. 1114. (Unie) Buitengewone Finansie-Regulasies:
Opgawe van Geldwaardige Papiere wat in
die Unie gehou word ten behoeve van
persone in sekere lande woonagtig | 2849 |
| No. 1158. (Unie) Persone verbied om die Unie of
Mandaatgebied te verlaat: Wysiging van
Goewermentskennisgewing No. 1475 van
1939. | 2850 |

Bladsy.

CONTENTS.

Government Notices —

- | | |
|--|---------------------|
| No. 1113. (Union) Emergency Finance Regulations:
Amendment of | <i>Page</i>
2848 |
| No. 1114. (Union) Emergency Finance Regulations:
Return of Securities held in the Union on
behalf of persons resident in certain
countries. | 2849 |
| No. 1158. (Union) Persons prohibited from leaving
the Union or Mandated Territory: Amend-
ment of Government Notice No. 1475 of
1939. | 2850 |

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 1113 (Unie).]

(10 Julie 1940.

**BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES.—
WYSIGING VAN.**

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933, die volgende wysings aanbring het aan die Buitengewone Finansie-regulasies wat deur hom kragtens genoemde artikel gemaak is en by Goewermentskennisgewing No. 1386 van 9 September 1939 aangekondig is, welke regulasies gewysig is soos uiteengesit in Goewermentskennisgewing No. 1426 van 16 September 1939, Goewermentskennisgewing No. 1562 van 11 Oktober 1939 en Goewermentskennisgewing No. 843 van 29 Mei 1940:—

Die volgende regulasies word hierby na regulasie 5 ingevoeg:—

**BEPERKING OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE
PAPIER WAT AAN PERSONE BUISTE DIE UNIE
BEHOORT.**

5bis. (1) Niemand mag, sonder die toestemming van die Tesourie, enige geldwaardige papier waarvan die eiendomsreg berus by 'n persoon wat of tydelik of permanent buite die Unie woonagtig is, of enige geldwaardige papier waarin so 'n persoon 'n belang het, van die hand sit, verkry, oordra of die oordrag daarvan regstreer nie.

(2) Die Tesourie kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, geldwaardige papiere waarvan die eiendomsreg berus by 'n persoon wat permanent in enige bepaalde land woonagtig is, of geldwaardige papiere waarin enige sodanige persoon 'n belang het, van die bepalings van paragraaf (1) van hierdie regulasie vrystel.

(3) Die Tesourie kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, persone binne die Unie wat enige geldwaardige papiere hou ten behoeve van enige persoon wat tydelik of permanent in enige gebied buite die Unie, of buite die Unie en enige ander land in die kennisgewing genoem, woonagtig is, of geldwaardige papiere waarin enige sodanige persoon 'n belang het, gelas om aan die Tesourie of aan 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, in sodanige vorm en op sodanige wyse en binne sodanige tydperk as wat in die kennisgewing genoem mag word, 'n opgawe te stuur wat sodanige besonderhede aangaande daardie geldwaardige papiere as wat in die kennisgewing genoem mag word, bevat.

**VERBOD OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE
PAPIERE AAN TOONDER.**

5ter. (1) Niemand mag enige diwidend- of rentekoep on wat ten opsigte van enige geldwaardige papier aan toonder uitgereik is, betaal nie afgesien daarvan of sodanige koep on betaalbaar was voor, of betaalbaar word na, die inwerkingtreding van hierdie regulasie.

(2) Niemand mag geldwaardige papier aan toonder van die hand sit, verkry of andersins daarmee sake doen nie.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

D. D. FORSYTH,
Secretary for South West Africa,

Office of the Administrator,
Windhoek.

No. 1113 (Union).]

[10th July, 1940.

**EMERGENCY FINANCE REGULATIONS —
AMENDMENT OF.**

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General, under the powers conferred upon him by section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933, has made the following amendments to the Emergency Finance Regulations made by him under the said section and published under Government Notice No. 1386, dated the 9th day of September, 1939, which regulations were amended as set forth in Government Notice No. 1426, dated the 16th day of September, 1939, Government Notice No. 1562, dated the 11th day of October, 1939, and Government Notice No. 843, dated 29th May, 1940:—

The following regulations are hereby inserted after Regulation 5:—

RESTRICTION ON DEALINGS IN SECURITIES BELONGING TO PERSONS OUTSIDE THE UNION.

5bis. (1) No person shall without permission granted by the Treasury dispose of, acquire, transfer or register the transfer of any security the ownership of which vests in a person who is either temporarily or permanently resident outside the Union or any security in which such person has an interest.

(2) The Treasury may, by notice in the *Gazette*, exempt from the provisions of paragraph (1) of this regulation securities the ownership of which vests in persons permanently resident in any particular country or securities in which any such person has an interest.

(3) The Treasury may, by notice in the *Gazette*, direct persons in the Union who hold any securities on behalf of any person temporarily or permanently resident in any territory outside the Union or outside the Union and any other country specified in the notice or securities in which any such person has an interest, to make to the Treasury or to a person authorized by the Treasury in form and manner and within such period as may be specified in the notice, a return giving such particulars in respect of those securities, as may be so specified.

PROHIBITION OF DEALINGS IN BEARER SECURITIES.

5ter. (1) No person shall pay any dividend or interest coupon issued in respect of any bearer security, irrespective of whether such coupon became payable before or becomes payable after the commencement of this regulation.

(2) No person shall dispose of, acquire or otherwise deal in bearer securities.

(3) Onderworpe aan toestemming verleen deur die Tesourie of deur 'n persoon deur die Tesourie daartoe gemagtig is dit vir die eienaar van enige geldwaardige papier aan toonder wettig om sodanige geldwaardige papier aan toonder in geregistreerde geldwaardige papier om te sit.

(4) Aansoek om toestemming om geldwaardige papiere aan toonder in geregistreerde geldwaardige papiere om te sit, moet vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm behoorlik ingeval deur die eienaar van die geldwaardige papier of sy gemagtig agent.

(5) (a) Die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie daartoe gemagtig kan van die bepalings van paragrafe (1) en (2) van hierdie regulasie vrystellings verleen.

(b) Die bepalings van paragraaf (4) is *mutatis mutandis* van toepassing op aansoek om vrystelling gemaak kragtens subparagraaf (a) van hierdie paragraaf wat betrekking het op geldwaardige papiere aan toonder, of op dividend- of rentekoeponne wat ten opsigte van sodanige geldwaardige papiere aan toonder uitgereik word.

(6) Die bepalings van hierdie regulasie is op alle geldwaardige papiere aan toonder in die Unie van maatskappye in die Unie ingelyf en op dividend- en rentekoeponne van sodanige maatskappye wat in die Unie vir betaling aangebied word, van toepassing.

No. 1114 (Unie).]

[10 Julie 1940.

BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES.

OPGAWE VAN GELDWAARDIGE PAPIERE WAT IN DIE UNIE GEHOU WORD TEN BEHOEWE VAN PERSONE IN SEKERE LANDE WOONAGTIG.

1. Ooreenkomsdig paragraaf (2) van regulasie 5bis van die Buitengewone Finansie-regulasies afgekondig by Goewerments-kennisgewing No. 1386 van 9 September 1939, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1426 van 16 September 1939, No. 1562 van 11 Oktober 1939, No. 843 van 29 Mei 1940 en No. 1113 van 10 Julie 1940, word geldwaardige papiere waarvan die eiendomsreg berus by persone wat permanent woonagtig is in die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, en geldwaardige papiere waarin enige sodanige persoon 'n belang het, hierby vrygestel van die bepalings van paragraaf (1) van genoemde regulasie.

2. Ooreenkomsdig paragraaf (3) van genoemde regulasie word persone in die Unie wat enige geldwaardige papiere hou ten behoeve van enige persoon wat tydelik of permanent woonagtig is in enige gebied buite die Unie, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, of geldwaardige papiere hou waarin enige sodanige persoon 'n belang het, hierby gelas om binne dertig dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing, 'n opgawe, wat die volgende besonderhede bevat aan die Sekretaris van Finansies, Pretoria, te stuur:-

- (a) Naam van maatskappy van uitgifte.
- (b) Aard van geldwaardige papier (meld of dit 'n aandeel of obligasie aan toonder of geregistreerde aandeel of obligasie is).
- (c) Nominale waarde per aandeel of obligasie.
- (d) Totale getal geldwaardige papiere.
- (e) Sertifikaat- of reeksnummers.
- (f) Volle naam en woonadres vanhouer.
- (g) Volle naam en woonadres van eienaar(s) of persoon(one) wat 'n belang in die geldwaardige papier het.
- (h) Aard van belang in geldwaardige papier en datum waarop sodanige belang verkry is.

3. Die beëdigde verklaring waarna verwys word in paragraaf (4) van regulasie 5ter van genoemde Buitengewone Finansie-regulasies en in genoemde paragraaf soos toegepas deur subparagraaf (b) van paragraaf (5) van genoemde regulasie, moet in die vorm van die bylae hiervan ingedien word.

(3) It shall, subject to permission granted by the Treasury or by a person authorized by the Treasury, be lawful for the owner of any bearer security, to convert such security into a registered security.

(4) Applications for permission to convert bearer securities into registered securities shall be accompanied by an affidavit in the prescribed form duly completed by the owner of the security or his authorized agent.

(5) (a) The Treasury or a person authorized by the Treasury may grant exemptions from the provisions of paragraphs (1) and (2) of this regulation.

(b) The provisions of paragraph (4) shall *mutatis mutandis* apply in respect of applications for exemption under sub-paragraph (a) of this paragraph relating to bearer securities or to dividend or interest coupons issued in respect of such bearer securities.

(6) The provisions of this regulation shall apply in respect of all bearer securities in the Union of companies incorporated in the Union and to dividend and interest coupons of such companies presented for payment in the Union.

No. 1114 (Union).]

[10th July, 1940.

EMERGENCY FINANCE REGULATIONS.

RETURN OF SECURITIES HELD IN THE UNION ON BEHALF OF PERSONS RESIDENT IN CERTAIN COUNTRIES.

1. In terms of paragraph (2) of regulation 5bis of the Emergency Finance Regulations published under Government Notice No. 1386, dated the ninth day of September, 1939, as amended by Government Notices No. 1426 dated the 16th September, 1939, No. 1562 dated the 11th October, 1939, No. 843 dated the 29th May, 1940, and No. 1113 of the 10th July, 1940, securities, the ownership of which vests in persons permanently resident in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland, and securities in which any such person has an interest are hereby exempted from the provisions of paragraph (1) of the said regulation.

2. In terms of paragraph (3) of the said regulation persons in the Union who hold any securities on behalf of any person temporarily or permanently resident in any territory outside the Union, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland, or securities in which any such person has an interest, are hereby directed to submit to the Secretary for Finance, Pretoria, within thirty days from the date of this notice, a return giving the following particulars:-

- (a) Name of issuing company.
- (b) Nature of security. (State whether bearer or registered share or debenture.)
- (c) Nominal value per share or debenture.
- (d) Total number of securities.
- (e) Certificate or serial numbers.
- (f) Full name and residential address of holder.
- (g) Full name and residential address of owner(s) or person(s) interested in the security.
- (h) Nature of interest in security and date on which such interest was acquired.

3. The affidavit referred to in paragraph (4) of regulation 5ter of the said Emergency Finance Regulations and in the said paragraph as applied by sub-paragraph (b) of paragraph (5) of the said regulation shall be submitted in the form of the annexure hereto.

BYLAE.

Vorm B.S. 1.

[Moet ingevul word deur die eienaar(s) van 'n geldwaardige papier aan toonder ooreenkomsdig paragrawe 4 en 5 (b) van regulasie 5ter van die Buitengewone Finansie-regulasiës.]

1. (a) Naam van maatskappy
- (b) Aard van geldwaardige papier (melt of dit 'n aandeel of obligasie is)
- (c) Nominale waarde per aandeel of obligasie
- (d) Totale getal geldwaardige papiere wat deur dia aansoek gedek word
- (e) Reeksnummers soos in die aangehegte lys volledig uitgegesit
2. (a) Volle naam van eienaar
- (b) Volledige woonadres
3. Ek/Ons verklaar hierby plegtig dat ek/ons die geldwaardige papier soos in besonderhede genoem in paragraaf (1) op (naam en adres van persoon van wie verkry) verkry het en dat —
 - *(a) alle regte wat uit die eiendomsreg van genoemde geldwaardige papier voortvloei by my/ons vanaf daardie datum berus; of
 - *(b) na daardie datum niemand behalwe die persone wat hieronder in besonderhede genoem word, genoemde geldwaardige papier direk of indirek besit het of enige belang daarin gehad het nie.

Naam(e) en volledige woonadres(se) van belanghebbende party(e).

Aard van belang.

Datum waarop belang verkry is.

Name(s) and full Residential address(es) of Interested Party(ies).

Nature of Interest.

Date on which interest was acquired.

(Handtekening van Eienaar.)

Beëdig voor my te op hede die dag van 19.....

Die verklarer het erken dat hy/sy ten volle bekend is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring en dit begryp.

(Vrederegter, Kommissaris van Ede.)

* Skrap die een wat nie van toepassing is nie.

L.W.—Hierdie beëdigde verklaring is van seëlreg vrygestel.

No. 1158 (Unie).]

[12 Julie 1940.

Ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel 14 van die Landnoodtoestand-regulasiës uitgevaardig by Proklamasie No. 201 van 1939 en bekragtig deur artikel *twee* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940, wysig ek hierby Goewermentskennisgiving No. 1475 van 22 September 1939 deur die woord „manlike” in punt (a) van die Bylae daartoe te skrap.

J. C. SMUTS,
Minister van Verdediging.

ANNEXURE.

Form B.S. 1.

[To be completed by the owner(s) of a bearer security in terms of paragraphs (4) and (5) (b) of Regulation 5ter of the Emergency Finance Regulations.]

1. (a) Name of Company
- (b) Nature of security. (State whether share or debenture)
- (c) Nominal value per share or debenture
- (d) Total number of securities covered by the application
- (e) Serial numbers as detailed in attached list
2. (a) Full name of owner
- (b) Full residential address
3. I/We hereby solemnly declare that I/we acquired the security as specified in paragraph (1) on 19..... from (name and address of person from whom acquired) and that—
 - *(a) all rights flowing from the ownership of the said security have vested in me/us since that date; or
 - *(b) since that date no person other than those specified hereunder has directly or indirectly owned or had any interest in the said security.

Name(s) and full Residential address(es) of Interested Party(ies).

Nature of Interest.

Date on which interest was acquired.

(Signature of owner.)

Sworn before me at on this day of 19.....

The deponent has acknowledged that he/she is fully acquainted with and understands the contents of this affidavit.

(Justice of the Peace, Commissioner of Oaths.)

* Delete whichever is not applicable.

N.B.—This affidavit is exempted from stamp duty.

No. 1158 (Union).]

[12th July, 1940.

Under and by virtue of the powers vested in me by Regulation 14 of the National Emergency Regulations, promulgated by Proclamation No. 201 of 1939, and validated by section two of the War Measures Act, 1940, I do hereby amend Government Notice No. 1475, dated 22nd September, 1939, by the deletion, in paragraph (a) of the Annexure thereto, of the word “male”.

J. C. SMUTS,
Minister of Defence.